# Die Onthou-boom

Hierdie boek behoort aan





the-memory-tree_interior.indd 2 2023/04/21 11:07



the-memory-tree_interior.indd 3 2023/04/21 11:07

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.

Die Onthou-boom
(The Memory Tree)
Illustrated by Agrippa Mncedisi Hlophe
Written by Savnola Goldridge
Designed by Jason Gien
Edited by Mariam Mahomed
Translated by Anita van Zyl
with the help of the Book Dash participants in Durban on 29 October 2022

ISBN: 9781776231072

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

# Die Onthou-boom



Savnola Goldridge • Agrippa Mncedisi Hlophe • Jason Gien

Thembi en Thulani hou daarvan om saam met Oupa Nathi park toe te gaan.

Hulle is baie lief vir Oupa Nathi.



the-memory-tree_interior.indd 7 2023/04/21 11:07


Biep
Biep
Biep

Maar Oupa Nathi is baie siek. Hy is in die hospitaal. Sy oë is toe.

Die masjien langs Oupa Nathi se bed maak biep, biep, biep.

“Mamma, hoekom wil Oupa Nathi nie saam met my sing nie?” vra Thembi.

Mamma sê: “Oupa Nathi kan jou nog hoor. In sy hart sing hy saam met jou.”

the-memory-tree_interior.indd 9 2023/04/21 11:07

By die huis staan Thembi en
Thulani voor die venster en wag.

Mamma en Pappa draai só
lank by die hospitaal.

Dan sien Thembi vir Mamma en
Pappa met die inrypad opstap.

"Hulle's terug!"

the-memory-tree_interior.indd 10 2023/04/21 11:07





Mamma en Pappa is baie hartseer.
“Wat’s fout?” vra Thembi.

Haar magie pyn.

Mamma se stem is baie sag.

“Oupa Nathi was oud en baie siek. Die dokters kon hom nie gesond maak nie.”

Haar oë skiet vol trane. “Ons gaan Oupa Nathi nie weer sien nie.”

Thulani sit buite onder Oupa Nathi se geliefkoosde boom.

Hy voel nie lus om met Thembi te speel nie. Hy wens Oupa Nathi was hier om vir hom 'n storie te lees.

the-memory-tree_interior.indd 14 2023/04/21 11:07





Thembi is kwaad. Sy gooi haar pop eenkant toe. “Hoekom moes Oupa Nathi doodgaan?”

Mamma tel vir Thembi op haar skoot en hou haar styf vas.

“Jy mag maar kwaad wees,” sê Mamma. “Ek verlang ook na Oupa Nathi.”

the-memory-tree_interior.indd 17 2023/04/21 11:07

Vandag het Mamma, Pappa, Thulani en Thembi hul mooiste klere aan, want hulle gaan kerk toe vir Oupa Nathi se begrafnis.

Almal kom kerk toe om Oupa te onthou.



the-memory-tree_interior.indd 19 2023/04/21 11:07



Mamma hou Thembi se hand vas terwyl hulle
Oupa Nathi se gunsteling liedere sing.

Al die mense sing en dans saam.

the-memory-tree_interior.indd 21 2023/04/21 11:07

Thembi kan nie slaap nie.
Sy roep vir Mamma.

“Mamma, ek verlang na Oupa.
My hart is so seer!”



the-memory-tree_interior.indd 23 2023/04/21 11:07



Terwyl Thembi en Thulani ontbyt eet, kom Pappa met ’n yslike groot kartonboom ingestap.

“Dit is ’n onthou-boom,” sê Pappa. Hy plak die kartonboom teen die muur vas.

Mamma bring ’n boks vol foto’s. “Kies jul gunsteling foto’s van Oupa Nathi en plak dit op die boom vas.”

the-memory-tree_interior.indd 25 2023/04/21 11:07





Saam plak hulle almal foto's van Oupa Nathi op die boom vas. Hulle onthou al die lekker tye wat hulle saam gehad het.

Thembi klap haar hande opgewonde. "Nou is die onthou-boom my gunstelingboom!"





the-memory-tree_interior.indd 26 2023/04/21 11:07



the-memory-tree_interior.indd 27 2023/04/21 11:07



the-memory-tree_interior.indd 28 2023/04/21 11:07

Pappa glimlag. “Ons kan nou enige tyd na ons onthou-boom toe kom wanneer ons aan Oupa Nathi dink.”

“Ons sal nooit vir Oupa Nathi vergeet nie. Hy sal altyd in ons harte wees.”



the-memory-tree_interior.indd 30 2023/04/21 11:07



the-memory-tree_interior.indd 31 2023/04/21 11:07

